

**N.G. Gemeente Vaalpark**

**Gebedsbulletin no 22**

**2 Junie 2024**



### **Die Groot Opdrag**

**Die Evangelie Is die Goeie Nuus dat Christus vir ons sondes gesterf het en uit die dood opgestaan het.**

**“En Jesus het nader gekom en met hulle gespreek en gesê: Aan My is gegee alle mag in die hemel en op die aarde. Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat ek julle beveel het. En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen. (Matt 28:18-20).**

**Jesus het die gesag om hierdie opdrag te gee. Gelowiges is beveel om betrokke te raak. In hierdie wêreld is ons Sy ambassadeurs met ‘n Koninkryksboodskap. Ons doel is om mense uit te bring by die reddened geloof in die Here Jesus Christus, die Verlosser van die wêreld. Daar is geen groter boodskap nie. Jesus se hart is dat alle mense gered word en niemand verlore sal gaan nie. Ons getuienis en godvrugtige lewe verteenwoordig Christus. Die Here belowe Sy ondersteuning. Hy is met ons tot aan die voleinding van die wêreld.” Hy sal ons bemagtig, salf en ons ondersteun terwyl ons die Groot Opdrag met behulp van die Heilige Gees uitvoer. (Joh 16:13,14) Die Groot Opdrag is ‘n opdrag, nie ‘n voorstel nie. En dit begin by die huis...**

**Om oor jou kerk of jou oortuigings en tradisies te getuig of te argumenteer oor die Skrif is nie om die Evangelie te deel nie. Die Evangelie is die Goeie Nuus dat Christus vir ons sondes gesterf en uit die dood opgestaan het. Dit vereis ‘n persoonlike reaksie van bekering (erkenning van sonde en wegdraai daarvan). Ons moet Christus glo (op Hom vertrou, vashou aan Hom en staatmaak op Hom) en Hom as ons Verlosser ontvang. (Joh 1:12). Onthou altyd dit is die werk van die Heilige Gees om mense van sonde te oortuig (Joh 16:8). Ons taak is om die waarheid van die Evangelie te deel sodat die Heilige Gees Sy werk kan doen en ons verder kan lei.**

**Dit is belangrik om na mense te luister en hulle op hul punt van nood te ontmoet. Jesus het mense op verskillende maniere benader. Bid vir wysheid. Die Here het bedienings en gawes aan Sy verlose kinders gegee om hulle in hierdie lewensbelangrike taak by te staan. Sommige is gesalf as apostels, profete, evangeliste, pastore en leraars. Ander is gesalf met gawes van administrasie en ondersteuningsbedieninge (Ef 4:11-13; 1 Kor: 12:27, 28; Rom 12:3-8). Vra die Heilige Gees om jou na mense te lei wat die Here nodig het en om jou vir die taak te salf (Rom 8:14). – Val Waldeck.**

**Dankie!**

- **Vir die Goeie Nuus van Christus Jesus ons Verlosser!**
- **Dat Hý die antwoord vir SA se redding en verlossing is!**
- **Vir die Groot onverstaanbare Liefde van God ons Hemelse Vader vir ons!**

### **Gemeente en algemene voorbidding:**

- Vir ons predikante en hulle gesinne. Vir al die werksaamhede van ons gemeente.
- Vir 'n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied.
- Dat ons 'n biddende gemeente sal wees, met 'n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyns ons harte met God se hart. SA draai terug na God toe!
- Vir ons skoliere en studente. Vir die eksamen tyd wat voorlê.

### **Gebedsversoeke**

- |                          |                           |
|--------------------------|---------------------------|
| • Lottie Conradie        | Willie Britz              |
| • Annie Brink            | Tannie Rina van der Vyver |
| • Jaco Steenkamp         | Rudi Kruger               |
| • Tannie Marinda Jordaan | Tannie Bets Coetzee       |
| • Johnny Viviers         | Alex Smith                |
| • Annika Killian         | Jaap Naudé                |
| • Leonie Kruger          | Willie Viljoen            |
| • Annatjie Pienaar       | Jurie Matthee             |
| • Jillian Jansen         | Adolf Wolmarans           |
| • Allison Vorster        | Marthie Jooste            |
| • Oom Martin Kleynhans   |                           |

### **Gedagte vir die week**

**Goeie werke is nie genoeg om die prys van sonde te betaal nie (Ef 2:8,9)**

### **Stuur Gebedsversoeke aan:**

Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor  
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: [ngvaalpark.org](http://ngvaalpark.org)